BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# SALOMO SE MOOISTE LIED

## Deel 2 – Uitgaan en Trou

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat is een van die romantiese dinge wat iemand al vir jou gedoen het? Hoekom is romanse nie al wat daar is tot 'n verhouding nie?**
- **Hoekom dink jy begin verhoudings baie keer met mense wat ekstra moeite doen vir mekaar, en dan vervaag dit soos die verhouding aangaan? Wat dink jy is die uitwerking daarvan?**
- **Dink jy die manier van verhouding bou soos die wêreld dit voorstel is effektief? Verduidelik.**
- **Indien jy getroud is, wat is een van jou kosbaarste herinneringe van julle troue? Deel met jou groep.**

**Lees weer deur Hooglied 2:8 – 3:11 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Indien jy getroud is, doen julle nog moeite om geleenthede en omgewings te skep waar julle intensioneel kan bou aan julle verhouding en alleen tyd kan saam spandeer? Verduidelik.**
- **Lees Psalm 18:21 en Efesiërs 4:29 Watter invloed het woorde op verhoudings? Sou jy sê die meeste van jou woorde is opbouend en positief of meer negatief? Verduidelik.**
- **Hoekom is dit belangrik om die natuurlike aangetrokkenheid tot iemand te "bestuur"?**
- **Hoe intensioneel is jy in jou verhoudings om 'n omgewing te skep waar die verhouding kan groei? Of is dit meer 'n geval dat jy hoop dit sal verdiep en groei? Wat kan jy verander?**
- **Mans, hoe intensioneel is jy om 'n omgewing te skep waar jou vrou/meisie veilig voel om haar self te wees sonder vrees van verwerping? Hoe kan jy meer so 'n omgewing skep?**
- **Is jy 'n persoon wat maklik konflik kan hanteer of sukkel jy daarmee? Verduidelik**

- **Hoe voel jy oor die stelling dat voorbereiding vir die *huwelik* is belangriker as voorbereiding vir die *troue*?**

- **Lees Efesiërs 5:21-33. Hoekom is dit belangrik dat ons ons optrede vergelyk met die liefde wat Jesus vir ons gehad het? Hoekom sukkel ons baie keer met hierdie opdragte in Efesiërs?**

- **Johannes 13:34-35. Hoe kan gehoorsaamheid aan hierdie opdrag in ons verhoudings getuienis wees in ons wêreld?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**